



Afrikaans  
Week5 Dag 2

Graad 7

# Taalfokus 3 p.92

## Lydende en Bedrywende vorm

- ❖ Hierdie 2 vorme se gebruikswaarde verskil in sinsverband en dit is waarom die een aktief is die ander een passief.

In die lydende vorm word dit veral in **formele situasies** soos vergaderings en notules gebruik , maar dit word ook gebruik om die **voorwerp te beklemtoon**.

**Bedrywende vorm:** 'n Sin begin met die onderwerp wat die aksie uitvoer.

**Lydende vorm:** 'n Sin begin met die voorwerp wat die aksie ondergaan.

Die **vorm van die gesegde**(werkwoordgroep) verander in die lydende vorm

Teenwoordige tyd: Die hondjie eet sy kos.

Die kos word(deur die hondjie) geëet.

Verlede tyd: Die hondjie het sy kos geëet.

Die kos is (deur die hondjie) geëet.

Toekomende tyd: Die hondjie sal sy kos eet.

Die kos sal (deur die hondjie) geëet word.

## Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm.

3.a) Ek doen my huiswerk getrou.

b) Bertie was gereed sy pa se motor.

c) Ons gaan volgende jaar die Otterwandelpad stap.

d) Die kaptein druk 'n drie.

e) Die kinders werk hard. (Moenie 'deur die kinders' gebruik nie, vermy dit.)

Onthou die volgende: Die sin moet dieselfde betekenis behou en in dieselfde tyd wees.

- ❖ Let wel: Die lydende vorm word ook gebruik om **dubbelsinnigheid** te voorkom.  
Die man, wat die hond gebyt het, is dood. In hierdie geval weet 'n mens nie wie, wat gebyt het nie – het die man die hond gebyt, of het die hond die man gebyt.  
Om die dubbelsinnigheid te voorkom, kan die **sin in die lydende vorm** gebruik word: Die man, **wat deur die hond gebyt is**, is dood.

**Die Lydende vorm het dus 'n plek in ons taalgebruik wanneer die voorwerp in die Bedrywende vorm belangriker as die onderwerp is.**